

BabaGim[®] maak spiere sterk

Karin Bartman

Klein Graham was 6 maande oud toe hy by my begin het met BabaGim 2: Ferm Grondslag. Hy was deel van my groepie gevallestudiebabas tydens my prakties om as BabaGim Instrukteur te kwalifiseer. Aanvanklik sou sy mamma, Elsa elke week met hom BabaGim bywoon, maar weens werksverpligtinge het Hanneltjie, sy oppasser, met hom die kursus bygewoon. Vanaf dag een het ek vir klein Graham dopgehou en 'n punt daarvan gemaak om sy vordering te monitor.

Graham is (en was toe al) 'n sterk seuntjie met goeie kopbeheer en het goed op sy magie gedoen, maar hy kon glad nie op sy eie sit nie. Graham se lyfie was baie styf en as mens hom in die sitposisie geplaas het, het hy styf geskop en agteroor geleen, hy kon net glad nie sonder ondersteuning sit nie. Ons het in die eerste BabaGim klassie sy lyfie omlin en met die massering begin, ons kon sommer die volgende week al vordering sien! Met die dans en baloefeninge in week 2 en die nekbeheer oefeninge in week 3, kon mens sien Graham het al meer van regop-sit begin hou, en self vir 2-3 sekondes op sy eie gesit maar dan het die bene en lyfie weer stokstyf geskop en het hy dan agteroor geval. Graham kon al mooi omrol en voorwerpe van een hand na die ander oorgee met 'n lekker ferm greep! Deur die loop van die kursus het ek voortdurend vir Hanneltjie aangemoedig om vol te hou met die massering om Graham se lyfie te ontspan en die BabaGim oefeninge by die huis gereeld te herhaal en sy ouers ook daarmee touwys te maak sodat sy rug en rompspiere lekker sterk kan word om hom in die sit-posisie te hou. Hy is baie nuuskierig en sy entoesiasme het hom mooi bemoedig om saam te speel in die klassies want soos Dr Melodie de Jager altyd sê: "n baba leer so speel-speel".

Hanneltjie is 'n ongelooflike oppasser vir baba Graham, sy het elke BabaGim klassie opgewonde en met volharding aangepak en op die laaste dag van BabaGim was Graham presies 7 maande oud. Op hierdie einste laaste dag van BabaGim sien ons hoe sit klein Graham op sy eie en speel heerlik sonder enige ondersteuning! Vir my as leerling Instrukteur was dit 'n ongelooflike belonende ervaring om te sien hoe het Graham weekliks gevorder en sy sitmylpaal bereik. Weereens leer ons net weer hoe belangrik herhaling is, nie net om baba se sintuie te stimuleer en hom daarvan bewus te maak nie, maar ook om te sien hoe hy sterker raak en meer selfvertoue kry in dit wat hy tuis bemeester.

Hoe lekker is dit om die vrugte van 'n eenvoudige (tog uiters besondere) leerprogram vir babas en hul ontwikkeling te pluk? Dit maak my sommer baie opgewonde oor my paadjie vorentoe saam met BabaGim!

